

**31 Mei**

**Skrifgedeelte: Esegïel 40:1-46**

**Fokusgedeelte: Esegïel 40:1-4**

**‘n Nuwe begin en ‘n nuwe toekoms**

In die boek Esegïel word talle datums aangetref. Byna al die datums dateer die boodskap van Esegïel volgens die jare van die ballingskap van koning Jojagin. Die Here het Esegïel in die vyfde jaar van die ballingskap tot profeet geroep. Twintig jaar later (in 573 vC) het hy die groot gesig gesien wat Esegïel 40-48 beskryf. Die enigste jonger gedeelte in die boek is die laaste uitspraak teen Egipte (571 vC) aan die einde van Esegïel 29. Twaalf jaar het verloop sedert die vorige gedateerde profesie in die boek. Teen hierdie tyd het die ballinge al begin om hulle in Babilonië te vestig. Die hoop op terugkeer het al vervaag. Na al die jare kry Esegïel egter ‘n nuwe gesig met ‘n nuwe boodskap, ‘n boodskap van ‘n nuwe begin en ‘n nuwe toekoms wat wag. Die gesig herinner aan soortgelyke gesigte in Daniël en Openbaring. In pragtige beeldryke taal word die toekoms geskets, dikwels deur ‘n hemelse tussenganger wat die betekenis verduidelik. Soms is die beelde nie so maklik om te verstaan nie, maar deur hulle klink die boodskap van ‘n nuwe begin – na twaalf jaar se stilte en veertien jaar nadat hulle hoop saam met Jerusalem verpletter is. Dikwels is die dag die naaste wanneer die nag die donkerste is. Dit moet ons onthou in ons tye van swaarkry. Al sien ons nie lig nie, lê ‘n nuwe dag voor die deur – en op die laaste nuwe dag sal ons die ewige lig sien.

*Sing: Psalm 122:1,2*

*Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)*